

Skriflesing: Jeremia 32: 16 - 35Teks: **Jeremia 32: 26 – 27**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 121:1, 2****TYDENS EREDIENS- Ps. 74: 1,2,12; Sb. 9-6 (20): 2,6; Ps. 91:6; Ps. 65: 3,4,8****Jeremia 32****Jer 32:16** Nadat ek die koopkontrak vir Baruk seun van Nerija gegee het, het ek tot die Here gebied:**Jer 32:17** Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie.**Jer 32:18** U bewys u troue liefde aan duisende geslagte, maar U straf kinders vir die sondes van hulle ouers. Groot en magtige God, u Naam is Here die Almagtige.**Jer 32:19** U besluite is magtig, u daade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy daade.**Jer 32:20** Die tekens en wonders wat U in Egipte gedoen het, doen U nou nog in Israel en onder die mense. So maak U vir U 'n Naam tot vandag toe.**Jer 32:21** U het u volk Israel uit Egipte laat wegtrek met tekens en met wonders, met magtige daade en met wonderlike groot daade waarvoor mense vreesbevange was.**Jer 32:22** U het hierdie land vir u volk gegee, die land wat U met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.**Jer 32:23** U volk het gekom en dit in besit geneem, maar hulle was ongehoorsaam. Hulle het nie u wet onderhou nie, hulle het nie gedoen wat U hulle beveel het om te doen nie. Daarom het U al hierdie rampe oor hulle laat kom.**Jer 32:24** Daar is beleëringswalte teen die stad opgegooi om dit te verower, en die stad is deur die swaard en hongersnood en pes oorgegee in die mag van die Galdeërs wat daarteen veg. Wat U gesê het, gebeur nou. U sien dit self.**Jer 32:25** En tog sê U, Here my God, vir my: 'Gaan koop vir jou 'n stuk grond met silwer en sorg dat jy getuies het,' en dít noudat die stad in die mag van die Galdeërs gegee is."**Jer 32:26** Die woord van die Here het tot Jeremia gekom:**Jer 32:27** Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?**Jer 32:28** So sê die Here: Ek gee hierdie stad in die mag van die Galdeërs, in die mag van koning Nebukadnesar van Babel. Hy sal dit verower.**Jer 32:29** Die Galdeërs wat teen hierdie stad veg, sal dit aan die brand kom steek en dit afbrand, ook die huise waar die inwoners My getart het toe hulle vir Baäl wierook gebrand het op die dakke en waar hulle drankoffers vir ander gode uitgegiet het.**Jer 32:30** Die mense van Israel en Juda het van jongs af net gedoen wat verkeerd is in my oë. Die Israëliete het My getart met goed wat hulle self gemaak het, sê die Here.**Jer 32:31** Van die dag af dat hierdie stad gebou is, tot nou toe het dit my gloeiende toorn so laat ontvlam dat Ek die stad wil wegvee voor My.**Jer 32:32** Die mense van Israel en Juda het My getart met al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, hulle, hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters, hulle profete, elkeen in Juda, al die inwoners van Jerusalem.**Jer 32:33** Hulle het hulle rug na My toe gedraai, nie hulle gesigte nie. Ek het hulle vroeg en laat geleer om goed te luister, maar hulle wou nie hoor nie, hulle wou nie uit straf leer nie.**Jer 32:34** Hulle het hulle afskuwelike afgode in die huis gesit waaroor my Naam uitgeroep is en so het hulle my huis verontreinig.**Jer 32:35** Hulle het hoogtes vir Baäl gebou in die Ben-Hinnomdal om hulle seuns en dogters vir Molek as offers te laat verbrand. Ek het hulle dit nie beveel nie; so 'n afskuwelike gedagte om vir Juda te laat sonde doen, het nie eens by My opgekom nie.**Skriflesing:** Jeremia 32: 16 - 35Teks: **Jeremia 32: 26 – 27**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 121:1, 2****TYDENS EREDIENS- Ps. 74: 1,2,12; Sb. 9-6 (20): 2,6; Ps. 91:6; Ps. 65: 3,4,8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vandag die eerste dag van 'n nuwe jaar. Gewoonlik die tyd wat mense baie voorneme en gedagtes by hulleself koester oor wat wil ek graag hierdie jaar doen? Of wat wil ek graag hierdie jaar bereik? Dit is ook 'n tyd wat ons oor die toekoms wonder. Ons land is polities maar op 'n wankelrige pad, daar lyk baie rede tot kommer te wees. As Eskom in die vakansietyd, waar ek wil aanvaar minder kragverbruik vereis word as die tye waar alles weer heropen, alreeds tussen fases 4 en 6 rondgedobber het, wat gaan gebeur as die nywerhede en alles wat groot hoeveelhede krag vereis op volle sterkte moet kom. Die kragkrisis berokken die land enorm groot skade wat sommige moeilik die werklike waardes aan verlies na behore kan weergee. Letterlik en figuurlik staan 2023 op 'n manier in 'n duisternis wat ons in 2022 nie van kon wegkom nie.

Ons as kerke kom die einde van die maand DV weer in 'n Algemene Sinode byeen. Die sake wat baie onsekerheid en spanning in die kerkverband veroorsaak het ook nie net verdwyn nie. As dit maar so was! Die grootste rede tot kommer buiten die verskille en spanning wat ons alreeds weer by vanjaar se Streeksinodes kon aanvoel gaan nie net oor die ou verskille oor die saak van die vrou in die amp en wat sing ons tydens die erediens en wat hoort daarbuite. Nog groter rede tot kommer is ons as kerkverband se getalle word net kleiner en kleiner. Dat daar weer honderde lidmate minder getel kan word as wat 'n jaar gelede die geval was, soos die amptelike statistiek in die 2023 Almanak aandui, is baie groot rede tot kommer. En as ons dink aan sinodes van die afgelope 20 of 30 jaar laat my dikwels wonder het daar op sinodes die laaste klomp jare nie meer afbreekwerk plaasgevind as opbouwerk nie.

So sou ons kon aangaan op 'n menslike manier oor al die dinge te wonder. Die politiek, die kerk, die maatskaplike lewe, die ekonomiese werklikhede, die kragkrisis wat ons die lys sekerlik nog baie langer kan maak. Dat ons met groot kommer in ons harte rondloop is só. Dat ons oor sekere dinge meer sekerheid sou wou hê, is ook só.

As ons vandag God se Woord in Jeremia oopmaak dan het Jeremia ook heeltemal méér as genoeg rede gehad om heeltemal mismoedig te wees. Die geestelike toestand van sy volk was op uiters bedroewende laagtepunt. Ons dalende lidmate tal in die hele kerkverband wys baie mense verstaan bitter weinig wat in Sondag 21 van die Kategismus bely en bedoel word. Of

hulle verstaan dit wel maar is hulle uiters moedswillig en hardkoppig om nie vas te hou aan wat ons belydenis so duidelik uitspel nie. Jeremia het met 'n baie hardkoppige en moedswillige volk te doen gehad. Die geestelike toestand is werklik op 'n bedroewende laagtepunt.

Erediensbywoning, kerklike bydraes, dinge wat met getalle en syfers gemeet kan word, is maar karige meetinstrumente in wat geestelik in Suid-Afrika aan die gang is. Ons eie gemeente se erediensbywoning bly onder druk, óók is ons finansies weer op só 'n punt ons sal moet reguit praat en diep praat oor die meet van ons dankbaarheidslewe as my dankbaarheid my kerklike bydrae moet weerspieël.

God se opdrag aan Jeremia was jy mag nie ophou preek nie. Jy moet aanhou waarsku dat as daar nie bekering kom nie, gaan dinge nog erger word. Moenie moeg word nie, want het Jeremia op 'n stadium baie moeg en moedeloos begin word. Die Here vra hom in Jeremia 12 vers 5- 5 *As voetsoldate jou moeg hardloop, hoe sal jy teen perde kan hardloop? En as jy net in 'n vreedsame land veilig voel, hoe sal jy maak in die digte bos aan die Jordaan?*

Wat die Here vir hom sê dat jou eie mense hou nie van jou nie, ja ter wille van my Woord wil hulle jou doodmaak, maar dit is maar die begin. Hierdie dinge is maar gering in vergelyking met die dinge wat nog op jou wag. Weldra gaan daar nog baie swaarder tye kom. Die vreedsame bos van jou land gaan word die digte bosse van die Jordaan. Jou loop saam met voetgangers maak jou al moeg maar moes Jeremia besef as jy in sulke tye alreeds jou geestelike ewewig verloor, hoe sal dit met jou gaan as daar tye kom wat vergelyk kan word met die wedywing met perde? Hoe sal jy opgewasse wees vir soveel swaarder dinge. Ons gebed vir mekaar mag vandag sekerlik wees om hier aan die begin van 2023 nie jou geestelike ewewig te verloor nie.

Soos Jeremia tussen sy mense was, die mense in die dorpie Anatot, hulle is maar gewone mense, voetgangers, maar moes Jeremia besef jy gaan nog te staan kom voor baie gevaarliker mense, meer magtiger en invloedryke mense. Hulle wat perde is!

Aan die begin van die jaar wat lyk in baie opsigte nie 'n “voetganger”-jaar te wees nie, maar 'n “perde-jaar”, watter troos om dan nie net Jeremia 12 te lees nie, maar ook ons tekswoorde in Jeremia 32 vandag- *27 Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?*

Die 2020-Vertaling-“*Kyk, Ek is die Here, die God van alles wat leef. Is enigiets onmoontlik vir my? Ons oudste Afrikaanse vertaling vra dit nog meer beeldryk - 27 Kyk, Ek is die HERE, die God van alle vlees; sou enige ding vir My te wonderbaar wees? Niks is vir die Here onmoontlik nie, niks vir Hom te wonderbaar nie.*

Al lyk die omstandighede wel of dit nie sal kan verbeter nie. Jeremia se geval as ons by hoofstuk 32 kom was daar rondom Jeremia ’n groot krisis aan die opbou. Die Galdeërs het die stad begin omsingel en breek daar in dieselfde tyd ’n tipe pessiekte uit wat al meer en meer mense gesterf het. Boonop was hongersnood aan die orde van die dag. Vooruitsigte dat dit môre of oormôre beter sal gaan was daar nie vir Jeremia nie.

Ons wat staan aan die begin van ’n Nuwejaar, hongersnood ken ons nie, daar is nog so baie om voor dankbaar te wees. As ons lees wat in Ukraine en van daardie oorloggeteisterde lande aan die gang is, dan kan ons ons daardie tipe swaarkry en hartseer moeilik indink. Van die afgrypslikste aanvalle deur die Russe het juis in die Kerstyd vrouens en kinders in Ukraine getref.

Tog het hierdie oorlog in Ukraine ons land se lewenskoste alreeds op sovele terreine geruk. Kyk waarheen hardloop sonneblom olie se prys want Ukraine is van die grootste produsente van sonneblom ter wêreld. Kyk waar staan dieselpriese ... hoe raak dit nie die hele voedselketting op die einde as diesel so duur moet wees nie. Daar is sekerlik geen waarborg dat hongersnood ons land ook nog kan tref as dinge maar bly agteruitgaan soos wat dit tans gebeur. As koste maar net sou styg en styg. Kunsmis pryse sal die saaiboere ons bewys was nog nooit so duur gewees nie. Ja, om in die tyd ’n bestaan uit boerdery te maak is nogal baie gevra. Ons hoor ook allerhande berigte dat dit met die myne rondom ons dorp en die pryse van die erts wat hulle bestaan moet dra, glad nie goed gaan nie. 2023 gaan sekerlik nie ’n al te maklike jaar wees nie.

Dan tref dit ons hoe die Here in sulke swaar tye vir Jeremia en sy volk wys dat ons moet dalk ophou om op ons gewoon menslike manier na al hierdie dinge te kyk. Jeremia ontvang ’n opdrag dat hy moet grond koop! Al sou dit vir enigeen met iets van ’n ekonomiese aanleg en gewoon menslike logika geen sin maak om grond te koop in ’n tyd wat Jeremia die opdrag ontvang- Ons lees die opdrag in Jeremia 32 vers 25- *25 En tog sê U, Here my God, vir my:*

‘Gaan koop vir jou ’n stuk grond met silwer en sorg dat jy getuies het,’ en dít nou dat die stad in die mag van die Galdeërs gegee is.’ As ons die vroeëre geskiedenis rondom die stuk grond meer aan die begin van Jeremia 32 lees dan is God se verbond en beloftes ook die grond wat Jeremia moet koop, ingebed. Dis familiegrond wat Jeremia dit nie mag toelaat dat die grond maar sommer uit sy hande mag raak nie. Jeremia het as’t ware ’n verbondspelig om die grond te koop al maak dit op geen ander wyse sin om geld op hierdie grond uit te gee nie. Trouens Jeremia se vryheid lê ook aan bande, hy word deur die koning aangehou en deur die volk verafsku, waarom sou hy nog langer daar naby sy geboortedorp Anatot hom in ’n grondtransaksie dompel. Ons lees in Jeremia 32 verse 2 - 3 ... *Die profeet Jeremia was in daardie tyd ingeperk in die binneplaas van die paleiswag van Juda. 3 Koning Sedekia van Juda het vir Jeremia daar ingeperk.* Al die dinge maak eenvoudig eintlik geen sin dat Jeremia naby ’n beleërde stad in oorlogtyd grond koop wat hy dalk nooit eers weer sy eie vryheid gaan herwin nie.

Tog sê die Here vandag vir ons, moet nie jou gedagtes en jou verwagtinge altyd die eerste en die belangrikste wil maak nie. Werk en dink vanuit God se verbond en vanuit God se beloftes dan stel God aan ons eise wat ons beslis nie altyd verstaan nie. Ons staan onder opdragte soos Jeremia met die opdrag tot grond koop wat hy op daardie stadium nie sou kon begryp nie.

Dit wat die Here vir Jeremia in ons teksverse sê moet vir ons aan die begin van 2023 nog van net soveel waarde wees. *27 Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik? As ons hierna luister dan is dit aangrypend dat Jeremia dit in sy gebed al vroeër vir die Here gesê het. As God se Woord op so ’n besondere wyse by jou eie gebede en gewetens kan aansluit hoe bevoorreg is jy dan nie?! Hoor Jeremia se gebed in vers 17 -19 en hoe wonderlik om dit vandag op hierdie eerste dag van die jaar ook weer te mag weet- Jeremia bid hierdie dinge sodra hy die koopkontrak vir die stuk grond geteken het - 17 Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie. 18 U bewys u troue liefde aan duisende geslagte, maar U straf kinders vir die sondes van hulle ouers. Groot en magtige God, u Naam is Here die Almagtige. 19 U besluite is magtig, u dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom ...* Dis geloofstaal, verbondstaal, onverdund, dit wat Jeremia hier

na vore bring. Mag u dieselfde woorde en sekerheid onverdund wil nasê vandag. Mag ons dit Jeremia wil na-bid!

Geliefdes dis wat ons in 2023 met ons mag saamneem, die sekere wete dat God maak besondere bemoeienis met ons as mense. Verlede Sondag by Kersfees was God se bemoeienis uitgespel in wat Christus oor Homself laat kom het. Hoe Christus wat in die gestalte van God was sy gelykheid aan God nie beskou het as iets om aan vas te klem nie. Christus is die duidelikste bewys van God se mees intiemste bemoeienis met ons as mense. Christus word volkome mens, ja Christus maak Homself leeg van sy gelykheid aan God en neem die gestalte van 'n slaaf aan om aan mense gelyk te word. Daar kan eintlik geen duideliker bewys van God se bemoeienis met ons as mense wees as om dit in Christus te sien nie.

As God vir ons aan die begin van hierdie jaar vra soos vir Jeremia dit gevra kon word- *Is iets vir my onmoontlik?* Dan praat Hy wat die Skepper is, maar ook die Een wat alles onderhou. God sê eintlik dat Hy alles kan doen maar of God dit in 2023 steeds wil doen, is die vraag wat ten nouste aansluit by wat God sê - *Ek is die Here die God van al die mense ...* Dink u mooi hierdie woorde in. Hiermee sê God dat Hy by die mense se lewens betrokke wil wees. Ons het hierdie betrokkenheid reeds so pas in Christus raakgesien. Wanneer God se betrokkenheid in ons lewens elke keer weer deur sy lewende verbond bevestig word dan weet ons ook in 2023 sal daar niks met my gebeur buite God se wil om nie. Jeremia het nie rede gehad om mismoedig te word nie, al is sy onmiddellike omstandighede alles behalwe om oor opgewonde te raak.

Wie God se besondere bemoeienis met ons raaksien sal direk daarmee saam weet, God het ook met my 'n plan! God het met my 'n doel. Dinge wat nou lyk so onverklaarbaar te wees sal ons later wel God se groter plan met die verloop van dinge kan insien, al sien ons dit dalk nie nou nie. Ons is sondaarmense wat moet erken ons sonde maak ons gedagtes beneweld en kom daar dikwels rook in ons oë dat ons nie deur die gebeure in ons lewens en die gebeure in die wêreld kan kyk nie. Daarom mag die Heilige Gees ons help.

Wanneer ons voel al die dinge verloop eintlik maar net soos 'n ou opgewende horlosie of 'n ou wekker wat maar net die sekondes aftik, mag die Gees ons in Christus weer laat insien dat God

alles ten goede laat meewerk vir die mens vir wie God lief is. Hy wil ons Leidsman wees, die wonderbare Raadsman wat Jesaja in sy profesie al so treffend kon profeteer. Weet God bedoel wat Hy sê dat Hy die God is van alles wat leef, die God van mense, niks is vir Hom onmoontlik nie. Niks is vir Hom te wonderbaar nie, want Hyself is die Vader van die wonderbare Raadsman, die sterke God, die Een wat ewig is. Vertrou op Hom. Ook in die volgende 365 dae sal daar dae wees wat jy twyfel, maar mag God jou dan deur sy Woord en Gees weer verseker jy is in sy hand. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy wil ook vir jou 'n Vader wees. Hy is dit reeds in Christus Jesus, onse Here. So gaan ons hierdie Nuwejaar binne met God wat ook vir jou sê - *Ek is die Here die God van al die mense*. Niks is vir Hom onmoontlik nie.

AMEN